In die arena op Nelson's Creek – die Landaukoets van Ben van der Westhuizen van Durbanville. George Smuts is die koetsier met twee Friesperde van Johnny Bongers vooraan. Agter ry een van die Tankwa-Karoo se donkiekarretjies, gedryf deur Mike Dolma

Aksie en kleur op die Trekperdfees

***deur* Hennie Basson**

Op die pas-afgelope Nasionale Trekperdfees het van beskeie donkiekarretjies uit die Tankwa-Karoo tot spogperde en weelderige koetse wat uit gloriejare dateer, besoekers van oraloor in vervoering gehad. Hierdie heuglike gebeurtenis is die afgelope maande van Kaapstad tot sovêr noord as Krugersdorp gehou.

Perdeliefhebbers het by die openingsgeleentheid op die V&A Waterfront, 'n behoorlike voorsmakie gekry van wat in die komende weke sou volg. Dit was 'n mengsel van kleur, musiek en hoefslae toe daar veral op die bydrae van die Maleierbevolking tot die trekperdbedryf gefokus is.

Twee gitswart Friesperde is voor 'n Landaukoets ingespan om die amptelike invoer van perde van hierdie ras 'n eeu gelede, te herdenk. Daarná het 'n optog met tien verskillende perderytuie deur die strate van die Waterfront gevolg. Die Cart Horse Protection Association het gesorg vir 'n getroue uitbeelding van die bedrywighede van perd en kar in die Kaapse metropool. Van die tradisionele viskarretjie met bokkoms en snoek tot 'n troukoets, het perdepote langs die seefront laat opklink.

Die openingsrede is gelewer deur mnr Duimpie Bayly, voorsitter van Agri-Expo, wat die hoofborg van die fees was. Die hoogtepunt was egter ongeveer ‘n maand later. Duisende mense het op twee kenmerkend mooi Bolandse lentedae op die Nelson’s Creek Wynlandgoed by die Paarl toegesak om die snel-opeenvolgende vertonings van ‘n groot aantal perde- en ponierasse, asook muile en donkies, te waardeer. Die fees op die landgoed het saamgeval met “Die feesviering van die perd en wyn”.

Soos in die roemryke jare van Rosebank en Goodwood, het ‘n agtspan SA Vlaamperde en twee muilspanne die skare met hulle Kaapse draaie vermaak. Ook trek- en karperdrasse soos Friese en Hackneys het vir groot opwinding gesorg, terwyl die Percherons van Elsenburg ‘n ouer geslag aan die swaar trekperd op veral wingerd- en graanplase van meer as ‘n halfeeu gelede, herinner het.

Om Niekie Pienaar van Potcheftroom, se reuse Bertus B – die grootste Friesperd ter wêreld – en die Amerikaans-geteelde Dana Yvette van Piet Botha van Lichtenburg aan lang lyne te sien, was ‘n belewenis. Dan was daar ook nog die aksiebelaaide dubbeltuig-Friese van Pieter Loubser van Malmesbury.

Van die voorste ponies van drie verskillende ponierasse, het hulle passies getoon en ‘n aantal oulike SA Miniatuurperde uit die Suid-Kaap, het kindergesiggies verbly.

Terwyl die alsydigheid van die inheemse SA Boerperd vertoon is, is minder bekende rasse soos die Lusitania en American Quarter Horse, aan toeskouers bekendgestel. Daar was ook ‘n dryfkunsvertoning en plaaslike waaghalse het die skare op die punte van hulle stoele gehad met ‘n aantal angswekkende toertjies wat met perde uitgevoer is. Op ‘n naasliggende baan het jong, bedrewe ruiters hulle slag getoon tydens ‘n groot gimkanabyeenkoms.

Agterna het selfs stoere skougangers en -vertoners die hoop uitgespreek dat perdevertonings van hierdie aard (wat nie met

Tydens die opening van die fees op die V&A Waterfront is veral op die bydrae van die Maleierbevolking in die plaaslike trek- en karperdbedryf gefokus. Hier sing die Kaapse Maleierkoorraad se koor gepaste *ghoema*-liedjies

Trekperde voor karretjies is ‘n instelling in en om Kaapstad en is ook jare gelede gebruik om vroedvrouens en verpleegsters te vervoer. Hier is so ‘n voorstelling tydens die plegtigheid op die V&A Waterfront

Die voorsitter van Agri-Expo, Duimpie Bayly van Stellenbosch (regs), wat die fees op die V&A Waterfront geopen het. By hom is die Nederlandse konsul-generaal in Kaapstad, Rob Bosscher, met Marguerite Nelson van die Paarl. Agri-Expo was die hoofborg van die fees

beoordeling gepaardgaan nie) en uitstallings deur die verskillende rasgenootskappe, meermale in die toekoms gehou moet word.

Ou vaardighede in die trekperdbedryf, soos tuie- en sweepmaak, hoefbeslaan en wielkorting, is gedemonstreer en daar is selfs met twee boerperde in 'n naasliggende wingerd geploeg. Nie ver vanwaar 'n boere-orkes 'n ouer geslag se voete laat jeuk het, was daar die gebulder van 'n voorlaaier wat uit die Amerikaanse burgeroorlog dateer. En natuurlik is daar weggelê aan heerlike sosaties en pannekoek en die beste wyne wat op dié landgoed voortgebring word.

Bo alles egter, is die geskiedenis van die trekperd oor die afgelope 100 jaar in Suid-Afrika gedenk. Daarom was die uitstalling met foto's en skoutrofeë van trekperdlegendes soos Ben Mostert, Jan Eksteen en Ben van der Westhuizen, heel gepas en is dit met oomblikke van emosie deur baie familielede en ou kennisse begroet.

Christine Wessels van die Strand was teenwoordig by die uitstalling van foto's van haar oorlede man, Danie Smith, en sy broer Lourens. Hierdie boere het in die middel van die vorige eeu op die plaas Sandrivier, slegs 'n klipgooi van Nelson's Creek af, 'n groot rol gespeel in die handhawing van die Vlaamperdras.

Dr Ronnie van der Merwe, 'n boer van Fraserburg, het met genoegdoening gekyk na 'n uitstalling van historiese foto's van die beroemde perd, Scheepers, en sy nageslag. Ronnie is 'n kleinseun van wyle Carel van der Merwe, die persoon wat vir Scheepers, die stamvaar van die Vlaamperdras, kort ná 1925 in die Roggeveld geteel het.

Een van die land se voorste perdekenners, dr Frans van der Merwe van Kleinmond, meen dié perdeskouspel en dit wat daarmee saam aangebied is, was vergelykbaar met dit wat hy

As Niekie Pienaar van Potchefstroom vir Bertus B só aan die lang lyne vertoon, wonder baie mense seker wie van die twee dit die meeste geniet

'n Kaapse draai wat die stof laat staan soos op Rosebank en Goodwood van weleer. Dis die agtspan SA Vlaamperde van Hoffie van Blerk van Malmesbury met Willem Smith en Jan Nelson op die wakis

Die SA Miniatuurperde van onderskeidelik Caroline Irish van Knysna (voor) en Tertius le Roux van Riversdal, het die groot skare behoorlik bekoor

Walliese Ponies is lankal reeds deel van die plaaslike trekperderfenis. Hier vertoon Paul Carstens van Stellenbosch twee van sy ponies

oorsee ervaar het. Tydens 'n belangwekkende simposium oor die rol van die trekperd in die plaaslike landbou-opset, het hy na ons trekperdrasse, muile en donkies as "meubelstukke" uit die verlede verwys. Hy het hulde gebring aan diegene wat vir dekades lank daartoe bygedra het dat hierdie erfenis steeds bewaar en waardeer kan word.

Vir baie van die toeskouers was hierdie twee dae beslis 'n herontmoeting met die verlede. En by die meer as 5 000 mense wat op die hoofdag hier kom kuier het, was daar feitlik eenstemmigheid: hierdie gedenkwaardige gebeurtenis was die beste reklamegeleentheid in baie jare vir veral die Suid-Afrikaanse trekperdbedryf. **SAH**